Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

22 Mei 2023 Uitgawe: 6/2/2023

## UIT DIE KANTOOR

Hierdie week was weer ’n bedrywige sportweek met twee ligawedstryde wat plaasgevind het. Baie dankie vir elke ouer se ondersteuning langs die bane en velde. Daar bly nog slegs enkele wedstryde oor en alle ligas sal teen 5 Junie afgehandel wees. Dit is uitgesluit die senior netbalspanne wat nog aan uitspeelrondtes gaan deelneem.

Direk na afloop van die rugby- en netbalseisoen sal daar oorgegaan word na die hokkieproewe. **Alle ouers wie se kinders vanjaar gaan hokkie speel word uitgenooi na ’n hokkie inligtingsvergadering wat sal plaasvind op Dinsdag, 6 Junie om 17:30 in die skoolsaal.** Belangrike reëlings t.o.v. inskrywings, proewe en ligas sal bespreek word.

Die leerders het verlede week die eksamenrooster vir die Junie-eksamen ontvang. Ouers moet asb. help dat leerders hulself goed voorberei vir die eksamen. Afbakenings vir hierdie vraestelle sal binnekort aan die leerders gegee word.

**GESONDHEID:**

Soos wat die winter ons bekruip, raak die gevalle siek personeellede en leerders al hoe meer. Graag rig ek ’n vriendelike versoek dat ouers asb. nie hul kinders moet skool toe stuur indien u kind siek opstaan nie. Dit plaas geweldige druk op die kantoorpersoneel wat kort-kort ouers moet skakel om hul kinders te kom haal. Volgens wet mag ons geen medikasie aan leerders gee nie. Ons het ook nie ’n toegeruste siekekamer om kinders te akkommodeer nie. Kontak asb. u kind se klasonderwyser indien u kind siek is en tuis gaan bly.

**LAATKOMMERY:**

Noudat dit kouer raak, is dit al hoe moeiliker om vroeg op te staan. Ongelukkig is dit dan ‘n tendens dat kinders later by die skool afgelaai word. Ek vra dat u egter sal moeite doen en sorg dat u kind betyds by die skool sal aanmeld. Klasse begin stiptelik om 7:30.

**KLEREBANK:**

Ouers moet asb. kennis neem dat die klerebank binnekort ’n gedaanteverwisseling gaan ondergaan. Vanaf 1 Julie 2023 is dit uitgekontrakteer en sal dit bekend staan as die ***#TJOKKIESHOP***.

Me. Nadine Kasselman neem dit oor en gaan dit as ’n klerewinkel bedryf wat die skool se nuwe skoolklere, sowel as ou sportklere sal aanhou. Die **#TJOKKIESHOP** sal onafhanklik van die skool funksioneer. Tweedehandse klere sal ook daar aangekoop kan word sodra daar voorraad is. Pryse en nuwe reëlings t.o.v. betalings, bestellings, hoe omruilings en skenkings gaan werk, sal in ’n volgende skrywe uiteengesit word.


Omrede daar strukturele aanpassings aan die lokaal (ou klerebank) gemaak moet word ter voorbereiding van die nuwe winkel, sal die klerebank vir oulaas oop wees op Dinsdag, 30 Mei van 7:30 - 8:00 waarna dit dan permanent gesluit sal word tot die nuwe winkel sy deure open. Normale klerebanktye geld egter nog vir vandag en Maandag. Indien daar ouers is wat werklik dringend klere na 30 Mei benodig, moet u asb. vir me. Beaulah du Plessis by die kantoor kontak.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 26 Mei: | Mini-Netbal festival |
| 27 Mei: | Pom-pom optrede – Gardenia Basaar |
| | Voortrekkers spesialisasiedag |
| 1 Junie: | Rugby/Netballiga vs Laerskool Bloemfontein |
| 2 Junie: | Mooiste Monsters Produksie besoek GSF |

## VERJAARSDAE

29 Mei: Juf. Sulene Labuschagne



# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Die Vlaggiedag Fondsinsamelingsprojek van 2 Junie word ongelukkig uitgestel na 2024 as gevolg van die te besige buitemuurse program.





# UITSLAE

Baie geluk aan die volgende leerders wat in die Suid-Vrystaat hokkiespanne ingesluit is:

**o/12 B Meisies**

Nikki van Biljon

**o/12 A Seuns**

Kwagga Coetzee

**o/12 B Seuns**

CH Joubert

Nayden Viljoen

Marcel Cilliers

Stephen Humphries


**o/13 B Meisies Reserwe:**

Jeanine Avontuur

**o/13 B Seuns**

Jayden le Roux

# TJOKKIES GEE OM





# TJOKKIES SAMEL NIE-BEDERFBARE VOEDSEL IN.







Waarvoor: Ons eie gemeenskap, mense in en om die skool.

Wanneer: 29 Mei - 23 Junie

Waar om in te gee: Jou klas onderwyser

(Prys vir die klas wat die meeste inbring.)

**Maak iemand se ❤ warm met bietjie kos.**




## Borg 'n Bejaarde
## R50-00 of meer

Met die Borg 'n Bejaarde-veldtog word fondse ingesamel om bejaardes gevoed en gesond te hou en finansiele bystand te bied tot hul versorging .

Die Bejaardes ontvang net staatstoelae en ons bied hul verblyf plus 3 etes per dag met **24 uur versorging bystand**.

**Athalia Outreach**
**First National Bank**
**Branch: Code: 25 20 05**
**Acc no: 62 348 802 150**
**Swift Kode: FIRNZAJJ**
**(NPO 198 704 NPC No 2013/023023/08)**

**webtuiste: www.athalia.co.za**

ans@athalia.co.za
Sel : 072 735 0655
Sel: 082 467 6471
Tel: 051 522 6089

# SNUFFELS




**Auto Pedigree Bloemfontein Service Centre**
Visit us at 89 Oliver Tambo Street, Bloemfontein / Call us on (051) 448-3571

**Service Centre Manager:** Leonard Grimsdell (079 104 5994 / leonard.grimsdell@autopedigree.co.za)
**Service Advisor:** Ruan Rossouw (066 245 6640 / ruan.rossouw@autopedigree.co.za)
**Trading Hours:** Monday to Friday (7am - 5pm), Saturday (8am - 12pm)

T&Cs Apply on Specials and Promotions

miwa
Proud Association of RMI

AUTO PEDIGREE
You deserve a great deal!
SERVICE CENTRE